# KOERSVAS

Jaargang 10 Uitgawe 200 18 Maart 2022

Koersvas is die mondstuk van die GHG. Standpunte in die *Redaksioneel* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie.
Redakteur: Dr Johan Otto


**In hierdie uitgawe:**

**Redaksioneel**
**Perspektiewe op die hofgeding**
**Berigte en Kennisgewings**


## REDAKSIONEEL

### Skok van die oorwinning

Na tien jaar van stryd was die nuus dat die regter uitspraak gelewer het in die geding tussen die onafhanklike gemeentes en die NHKA op meer as een manier 'n skok, vir meer as een party 'n skok. Ten eerste het die verwagting by ons geleef dat uitspraak eers laat in April sou wees. Die vroeër as verwagte uitspraak was dus 'n aangename verrassing. Daarmee saam was die inhoud en die implikasies verreikend en dit gaan 'n wyle neem om die volle reikwydte en al die implikasies te oorweeg. Dit was nietemin aangenaam - amper skokkend - positief. Die nuus was nie vir almal positief gewees nie.

Vir die NHKA was die uitspraak (ongeag die tydsberekening) 'n groot skok gewees. Ten minste een kerkreg-kenner het buite homself van woede geword omdat "die regter so min weet van kerkreg." Ons deel nie sy sentiment nie en kan sonder huiwering -soos ook met die uitspraak teen ons die vorige keer - ons neerlê by die uitspraak soos gelewer. Die uitslag van die uitspraak was nie goed ontvang in die NHKA nie. Soos 'n goeie vriendin gestel het: "*Die Kommissie gaan gemeentes nou pastoraal moet begelei om hierdie uitspraak te verwerk*." Eintlik is dit die Kommissie wat die resultate van hulle eie toedoen nou moet regmaak. Met eerste hoor, mag dit melodramaties klink. Neem egter een tree terug in perspektief en 'n paar treë in tyd en neem dan die volgende feite in berekening:

Van meet af aan was die onafhanklike gemeentes deur die Kommissie as skeurmakers en diewe uitgejou. Meer as een maal was daar verwys na die sogenaamde onregmatige transportering van eiendomme en ander bates. Vergeet vir een oomblik die blatante laster in daardie stellings. Daar is in verskeie publikasies in vernederende trant met en van die onafhanklikes gepraat. Die effek by lidmate was dat die steedsHervormers en later die GHG as duiwel-trawante gesien is deur talle predikante en gewone lidmate. Dit is geen wonder dat daar soveel gemeentes by die 70e AKV weggejaag is nie.

Aan die ander kant van die negatiewe propaganda-munt, was die absolute stilte in die NHKA ten opsigte van 'n menigte sake, met spesifieke verwysing na die hofsake. Lidmate is nooit ingelig aangaande die stryd of die vordering nie, soveel so dat die berig van 'n saak wat verloor is, lidmate uit die veld geslaan het. Neem verder in ag dat die Litigasie komitee verkeerdelik staatgemaak het op die Trichardfontein saak. Dit blyk ook duidelik uit dr. Wouter van Wyk se stelling aan Beeld. Die verkeerde verstaan van die historiese hofuitspraak het vele kunsmatige situasies tot gevolg gehad. Oral is klein oorblyfsel-gemeentes in die lewe geroep. Hierdie "gemeentes" is

kunsmatig - soms net getalle op papier - lewendig gehou. Met die belofte dat die individue die eiendomme sal kry sodra die hofsake gewen is. Hierdie situasie is vir jare onregmatig gehandhaaf deur dieselfde persone wat die Kerkorde aan ander voorgehou het. Die Kerkorde stel duidelik dat sekere gemeentes moet ontbind op grond van te min lidmate en/of finansies. Sonder vergaderings, sonder eredienste was hierdie versameling van mense instrumente in die hande van die Kommissie wat nie hulle aanspraak op gemeentes se eiendom wou laat vaar nie. Daardie opdrifsel-gemeentes se enkele lidmate moet nou in kennis gestel word dat hulle tevergeefs hulself normale geloofslewens ontsê het.

Diegene wat wel kennis gedra het van die hofsake, is by herhaling verseker van 'n spoedige oorwinning. Saam met die herhaalde uitstelle het daar telkens die versekering gekom dat die NHKA "sonder twyfel" die saak gaan wen. Met ander woorde daar is mense wat vir jare gelewe het met die verwagting dat die "bose GHG" 'n bloedneus sou kry. Die GHG se benadering was telkens getemper met realisme, maar die absolute oortuiging van 'n oorwinning by die NHKA het bygedra tot die skok wat die uitspraak tot gevolg gehad het.

Hierdie uitspraak het ook implikasies vir die NGKA asook enige ander Reformatoriese kerke in die RSA. Ook daar is daar met skok, positief en negatief reageer. Die NGKA se leiding was gou om te sê dat die uitspraak nie op hulle van toepassing is nie. Dit is nie korrek nie. Die soewereine reg van gemeentes ten opsigte van hulle eiendomme is bevestig. Daar is verskille in terme van Kerkorde of Kerkwet, maar die gemeente se eienaarskap is een eeu na die vorige uitspraak bevestig. Die Kairos-netwerk is reeds aan die gons oor die uitspraak. Hulle sal dit in eie konteks moet kan toepas, maar die weg is nou gebaan tot die regte verstaan van die gemeente se bevoegdhede. Sinodale strukture se magte gaan nou aansienlik ingeperk word en die kerke se leiding sal nou meer ag moet slaan op die plaaslike gemeentes se standpunt. Verby is die dae van voorskryf wel wetende dat die houvas op die gemeente se bates jou rugsteun is.

Op eie bodem was daar ook skok te bespeur in die reaksies. Die verdwyning van die bedreiging opgesluit in hofsake is na tien jaar amper te goed om te glo. Die swaard van moontlike appèl moet nooit onderskat word nie.

Daar is diegene wat ongemaklik is met die term "oorwinning". In teologiese konteks kan daar vele debat ook oor die bewoording wees. Ons moet versigtig wees in ons gebruik van tekste om 'n eie standpunt te begrond. Daar kan na vele kante tekste aangehaal word. I Korintiërs 15:57 sê wel *"Maar God sy dank, wat ons die oorwinning gee deur onse Here Jesus Christus*." Die oorwinning ter sprake in hierdie teks verwys na die oorwinning oor die dood. Op sosiale vlak, op menslike vlak, in terme van die stryd waarin ons betrokke is, is hierdie uitspraak tog 'n oorwinning, selfs op morele vlak. Die waarskuwings is nogtans tydig. Enige oorwinning is ten koste van 'n ander persoon of party. Sonder verwaande genoegdoening, sonder om ons in ander se skade te verkneukel, kan ons tog stel dat geregtigheid oorwin het.

Die skok van herdefiniëring gaan tyd neem. Die soeke na 'n positiewe self-verstaan is belangrik, maar haalbaar. Soos ons in die verlede beweeg het van sogenaamde "beswaardes" na "steeds-

Hervormers", sal ons moet beweeg van "nie soos hulle", na "so dien ons die Here met toewyding". Gelukkig is ons ver gevorderd op daardie pad en het nou die geleentheid om daardie negatiewe definiëring vaarwel te roep.

Kom ons kom oor die skok en begin ons eerste versigtige treë die toekoms in, altyd saam met God; in gehoorsaamheid aan die HERE.

## PERSPEKTIEWE OP DIE HOFGEDING

### GELOOFSBOND VAN HERVORMDE GEMEENTES (GHG) – HOF-OORWINNING

**Persverklaring 9 Maart 2022**

Met groot dankbaarheid kan die GHG aankondig dat die regter uitspraak gelewer het in die regsgeding rakende eiendomme tussen die onafhanklike gemeentes (GHG gemeentes) en die NHKA. Dit was ons oortuiging dat ons ‘n veilige ruimte moes skep vir suiwer verkondiging van die Evangelie. Alle pogings tot versoening is van die hand gewys. Uiteindelik kan ons nou sonder hindernis en dreigende hofsake ons aandag en hulpmiddele skenk aan die toegewyde diens aan God Drie-Enig. Ons leef in dankbaarheid teenoor God. Dit is bykans tien jaar na die begin van die hofgeding. Ons is dankbaar teenoor almal wat ons in hierdie lang stryd gedra het in gebed, woord en daad.

Kortliks kan gestel word dat die saak in die guns van die GHG bereg is. Die verloop van die saak en die aard van die uitspraak het die soewereine eiendomsreg van gemeentes ten opsigte van hulle bates bevestig. Die regter het die saak verder "moot" (ongeldig) verklaar. Die term "moot" verwys na ‘n situasie waar daar ‘n saak voor die howe is wat van akademiese belang is en nie aan die reg ‘n verskil gaan maak nie. In hierdie geval is die steriele saak die interne verhoudings van die NHKA in terme van sy Grondwet en Kerkorde.

Reeds tydens die vorige uitspraak van die hof (26 Januarie 2022), is die soewereine reg van gemeentes bevestig: Die bewerings deur die NHKA in 2012 dat gemeentes onregmatig hulle eiendomme vervreem het, het gelei tot die aansoek vanuit drie gemeentes om ‘n hofbevel wat stel dat die gemeentes wel wettig opgetree het. Daarna het die NHKA ‘n magdom hofaansoeke gebring wat telkens in verskillende howe verhoor moes word. Al hierdie sake is eindelik gekonsolideer tot een saak met een geskeide geskilpunt wat in Januarie 2022 deur die hof bereg sou word. Tydens hierdie hofsitting het Advokaat Roelof du Plessis SC die punt van "*Privity of contract*" opgeneem. Hierdie punt stel dat ‘n derde party geen inspraak het in 'n kontrak tussen twee ander regspersone nie. Die NHKA het hierdie punt toegegee. Die regter het uitspraak gelewer en op daardie punt is die saak van 2012 in die GHG se guns bereg. Regter Janse van Nieuwenhuizen stel in paragraaf 24 van haar uitspraak: "*This issue was decided in favour of the plaintiffs when judgement was delivered on the privity of contract point."*

Die pad vorentoe is nou deur hierdie nuutste uitspraak bepaal. Die saak voor die howe is nie ‘n geskil tussen twee partye nie. Gemeentes is regspersone in die volle sin van die woord en kan soos enige ander regspersoon binne die reg en handel optree. Die interne situasie in die NHKA is ‘n saak van akademiese belang. Die saak in sy huidige vorm het geen

bestaansreg binne die howe nie. Die NHKA moet nou besluit of hulle wil appelleer, ‘n besluit wat gekniehalter word deur hulle eie erkennings ten opsigte van gemeentes as regspersone.

Die GHG bestuur wil in die besonder Advokaat Roelof du Plessis SC en sy gade Advokaat Renette du Plessis bedank wat uit geloofsoortuiging met toewyding oor tien jaar gewerk het om hierdie uitspraak moontlik te maak. Met dieselfde dankbaarheid dink ons aan al die gemeentes en individue wat finansieel ruim bygedra het tot die koste verbonde aan die regstryd. Tot tyd en wyl die NHKA hom neerlê by die uitspraak is die saak is nog lank nie verby nie, en word alle bystand en bydraes deur gemeentes en individue opreg waardeer.

Mag die liewe Heer tog sy Hand van genade oor ons hou en ons as bruikbare instrument in sy Koninkryk bevind.

GHG Bestuur.

Namens bestuur: Dr J Otto

082 767 7891

**Pers-gesprekke: NHKA reaksies**

Die laaste uitspraak deur die hof het tot gevolg gehad dat die media die GHG nader aan neutraal benader het. Dit kan steeds nie as gebalanseerd of positief beskou word nie. Tog het die GHG 'n beter platvorm as voorheen gekry.

Dieselfde kan nie gesê word van die NHKA nie. Veral by monde van dr. Wouter van Wyk het die bewerings wat grens aan laster (die laster van die verlede sal opgevolg word) steeds die gesprek vertroebel. Dit wil voorkom asof die spreekbuis van die NHKA tegelyk wil verneder, beledig en intimiderend onderdruk. Die verwysings na GHG leierskap en lidmate is telkens opruiend van aard, terwyl lidmate van die NHKA intimideer word deur selfs uitsprake wat verband hou met verloor van hofsake. Enkele voorbeelde is voldoende:

Persverklaring

Die Kommissie (Kommissie van die 72e AKV) se amptelike persverklaring verwys na '*kerkskeuring'*. Dit is 'n opruiende, ongenuanseerde term. *'Hofuitspraak'* sou voldoende gewees het. Die eerste paragraaf verwys dan ook na diegene wat "*weggebreek*" het. Die feite weerspreek hierdie terminologie. Dit is histories aanduibaar uit NHKA notules dat gemeentes letterlik **weggejaag** is uit die AKV en dat die Kommissie gemeentes en predikante geskors het, **selfs uit die amp onthef het sonder verhoor**. Die geskiedenis wys dat daar na die 2013 AKV sewentien gemeentes uit die NHKA beweeg het. Dit is 'n skreiende skande dat daar simplisties opruiend na onafhanklike gemeentes verwys word. Elders in hierdie Koersvas #200 word die saak aangaande "skeuring" in 'n ander lig beskou.

Dit is verder opvallend dat daar in dieselfde verklaring gestel word dat die moontlikheid van appèl aanteken oorweeg word, en dan word gestel dat dit nie in die eerste plek oor bates gaan nie. Indien dit gaan oor mekaar vashou, waarom taal gebruik wat vervreem en beledig? Indien dit nie oor die bates gaan nie, waarom dan enigsins appèl oorweeg? Hy herhaal dieselfde standpunt in sy onderhoud met Rapport van 13 Maart 2022. Daar stel dr. Van Wyk weer dat dit nie gaan oor die eiendomme nie, maar oor die band wat gebreek is. Hoe die verbreking van eenheid lei tot hofsake, is duister. Dit is ook opmerklik dat daar nie enige verwysing na koste in die NHKA se verklaring is nie. Nie na die feit dat daar 'n gedeeltelike kostebevel teen die NHKA

was nie, en ook nie na die oorhoofse koste van die stryd nie. Kostes wat die NHKA reeds in 2018 meer as vyf miljoen rand uit die sak gejaag het. So dalk is die verklaring aangaande bates tog waar. Die Kommissie vind dit skynbaar raadsaam om miljoene rand se heffings wat as hulpbronne gebruik kan word, te verkwis op 'n hofgeding. Waarvoor? Waarom? Los die onafhanklike gemeentes nou uit! Oor die propaganda en intimidasie van die res van die persverklaring sal daar dalk anderdag opmerkings wees.

<u>Beeld 12 Maart 2022</u>

In die artikel wat in genoemde koerant verskyn, maak dieselfde dr. Van Wyk 'n stelling wat van alle waarheid ontbloot is. Hy stel (Beeld dui aan dit is verbatim so gestel) dat 'n gemeente gedefinieer word as die "laaste gemeentelid wat oorbly". Dit was **nog nooit so gestel in enige Kerkorde of Kerkwet nie**. Uit bronne wat beskikbaar is (tot sover as 1920) was dit alles behalwe die definisie van 'n gemeente. Inteendeel, die Kerkorde maak ruimte daarvoor dat gemeentes ontbind indien daar te min lidmate is, en/of die finansies nie meer die gemeente lewensvatbaar maak nie. Sy bewering is geskoei op die Trichardtsfontein-saak van die negentienhonderds. Ek herhaal gedeeltelik die woorde van Koersvas #199: *In daardie saak het die AKV (sinode) besluit om saam te smelt met die NGK om die NHofGK te word. Die besluit is op die AKV van die NHK geneem sonder om gemeentes te ken. Toe lidmate van Standerton gemeente nie met die samesmelting wil saamstem nie, het hulle as Standerton gemeente onafhanklike gemeente buite die saamgevoegde nuwe kerk, die eiendom van die gemeente teruggeëis. Die hof het in hulle guns besluit. Die hof se rede was dat die AKV buite sy bevoegdheid opgetree het. Standerton gemeente moes met meerderheidsbesluit die eiendom aan die nuwe NHofGK oorgedra het. Die verkeerde gevolgtrekking: As net een lidmaat oorbly, bly die eiendom die eiendom van die gemeente. Die regte gevolgtrekking. Die eiendomsreg is in die gemeente gesetel. Die gemeente as regspersoon besluit oor die gemeente se eiendom, dit is nie iets waaroor die sinode kan besluit nie. Self in die geval so edel soos eenwording moet die gemeente oor sy eiendom beskik. Verder kan 'n gemeente wegbreek van die kerk en onafhanklik funksioneer.*

Die twee situasies is uiteenlopend, maar dieselfde beginsel is nou weer bevestig naamlik dat eiendomsreg van die gemeente nie deur die sinode aan bande gelê kan word nie.

Dr. Van Wyk verstaan duidelik nie die reg nie.

<u>Rapport 13 Maart 2022</u>

Hierdie is 'n meer gebalanseerde artikel en advokaat Roelof du Plessis hou nie terug in sy opmerkings nie. Dit bly die NHKA se nou al afgesaagde taktiek om die albatros van "apartheid" om ons nekke te probeer hang. Met daardie simplistiese karakterisering poog hy om die steedsHervormers as rassiste te etiketteer. Hoeveel keer nog moet dit gestel word? Die gemeentes wat nou by die GHG tuisgekom het, het ernstige probleme met die teologie wat enige uitspraak oor die "sondigheid van apartheid" moontlik maak. Teologie lê aan die wortel van die stryd; nie een of ander tydelike menslike bedeling nie.

Dit is duidelik dat die NHKA amptelike woordvoerder by herhaling met opset vet in die vuur gooi.

**Kerk, staat en kerkreg.**

Een van die belangrike sake wat in die hele hofstryd duidelik geword het, is dat die onderskeid tussen kerkreg en die reg duidelik aangedui moet word. Die vae hantering van raakpunte en verskilpunte

moet aangespreek word. Dit het nou al te lank gebeur dat die leiers in die kerke die situasie misbruik en telkens kerkreg voorhou waar die gewone reg eintlik die finale sê sal hê. Advokaat Renette du Plessis se antwoord te midde van ‘n woordestryd op Facebook illustreer die punt. Ek haal haar aan:

Dit is vir my amper lagwekkend hoe die leiersfigure in beide die NG en Hervormde kerk van "kerkreg" praat, en wil maak asof senior advokate en selfs regters kwansuis nie "kerkreg" verstaan nie.

Die feit van die saak is dat predikante (gewoonlik dié in die top strukture van die kerk) self vergeet het van Kerk, met ‘n hoofletter en kerk, met 'n kleinletter.

Regoor die wêreld, is ons almal een in die Kerk van Jesus Christus. Maar ons behoort aan kerke, met mensgemaakte strukture.

En elke kerk staan onder die gesag van die owerheid van die land waarbinne hy opereer. Die NGK, sowel as die Hervormde kerk (en elke ander kerk in SA), is onderhewig aan die regsbeginsels wat in SA geld. En enige regter of praktiserende regspraktisyn behoort geen probleem te hê met die interpretasie en toepassing daarvan nie.

Die sogenaamde "kerkreg" het absoluut niks met die regsbeginsels van SA te doen nie. Dit verwys eintlik slegs na elke kerk se eie interne orde-reëltjies. As sodanig verskil dit geensins van enige gedragskode binne 'n maatskappy of skool of universiteit of sportliggaam nie.

Maar dit is nie kerke se regsreëls wat toepassing vind binne die raamwerk van die Reg nie. Nog minder moet die kerkreg "verstaan" word deur regspraktisyns. Ek verseker jou die NGK kerk hoef nie beperk te word tot NGK advokate nie.

Die oomblik wat enige organisasie of liggaam of skool of kerk of enige ander regspersoon aan die handelsverkeer deelneem, moet hy in die eerste plek ŉ regspersoon wees en ten tweede is elke regspersoon absoluut gebonde aan al die normale regsbeginsels van die land.

Eiendomsreg is deel van daardie regsbeginsels en eiendomsreg sal ALTYD in enige hof, beoordeel word volgens die land se relevante regsbeginsels.

Daarteenoor is enige orde-reëling binne enige organisasie (maak nie saak wat jy dit noem nie) ALTYD onderhewig aan die regsbeginsels en wette van die land. Enige bepaling (selfs al noem jy dit "kerkreg") wat teenstrydig is met die Konstitusie of enige ander wetgewing, kan aangeveg word in die howe en niemand hoef kerkreg te verstaan om die saak te bereg nie

## BERIGTE EN KENNISGEWINGS

### GHG PREDIKANTEBERAAD

In 'n poging om alle predikante die geleentheid te bied om die beraad by te woon, bring ons graag die volgende onder u aandag:

1) Neem in ag dat die bywoning van die beraad verpligtend is. Alle kerkrade word dus versoek om dit finansieel moontlik te maak vir die predikante om dit by te woon.

2) Om kostes te bespaar, verskuif die Beraad na 8 en 9 September 2022 met die verkorte Bondsvergadering wat dan op 10 September 2022 sal plaasvind.

3) Die tyd, plek en tema sal spoedig aan u gekommunikeer word.

Ons sien daarna uit om u elkeen by die beraad te sien.

Groete, GHG Bestuur.

**HEIDELBERG BEROEP**

Ouderling Nico van Huyssteen berig uit Suikerbosrand: *Ds Petrus Wilhelmus Benjamin (Pierre) Britz word beroep na die gemeente Suikerbosrand, nie net word hy beroep nie, maar word ook versoek om die prediking waar te neem vir Februarie maand, wat ook die volgende insluit, 6 Februarie gemeente vergadering wat Ds Pierre Britz moet hou, 13 Februarie Voorbereiding erediens ter voorbereiding van die Nagmaal, op 20 Februarie, met die danksegging erediens op 27 Februarie 2022.*

*Die gemeente het klaar hulle samewerking en bereidheid verklaar teenoor die jong predikantspaar en die kinders, die gesin is dadelik tuis in die gemeente, hulle sal nog in Parys bly en reis vir huisbesoek en eredienste, tot verdere reëlings getref word.*

*Die volgende funksie en intree preek van Ds Pierre Britz sal tydens 'n spesiale kerkraad vergadering gereël word en die nodige kennis en uitnodigings sal gedoen word, en dit behoort in Maart maand plaas te vind.*

*Ds Pierre Britz sal in die gemeenskap asook in die gemeente opgeneem word en versorg word, hierdie sal stap vir stap gedoen word en die kerkraad het reeds hulle volle samewerking en hulp bevestig.*

**HERVORMDE KERK SUIKERBOSRAND SEWE JAAR NA STIGTING**

*Ouderling Nico van Huyssteen berig uit Suikerbosrand: Op 18 Januarie 2015, word die Hervormde Kerk Suikerbosrand gemeente gestig onder leiding van Ds JAAA Schroeder by die klein kerkie by Hoffeldt by die Suikerbosrand sowat 8 kilometer buite die dorp Heidelberg saam met 13 lidmate, Ds JAAA Schroeder en Mev Lettie Schroeder, Br en Sr Hennie en Meisie Scheepers', Br en Sr Gideon en Lida Trollip, Br en Sr Danie en Mariaan Naude, Br Hans Pieterse en sy dogter Leonie Pieterse, Br Kobus Joubert, Br en Sr Nico en Louisa van Huyssteen.*

*Die volgende ampsdraers word verkies as Ouderlinge Br Hans Pieterse, Gideon Trollip en Nico van Huyssteen wat ook verkies word as Skriba, As Diaken Br Kobus Joubert en koster Sr Leonie Pieterse wat ook sorg vir die musiek vir die eredienste.*

*Eredienste vind elke Sondag om 09:00 plaas by die kerkie wat sowat 35 lidmate kan huisves, na die eerste jaar , is die kerkie te klein en die gemeente trek Heidelberg toe, en vind 'n tuiste by die Metodiste Kerk. Ongelukkig word daar talle probleme ondervind, soos tye en verskuiwing en die gemeente begin soek na 'n eie kerk.*

*Die Apostoliese Kerk gebou op die hoek van Merz en Fenter Straat staan leeg en daar word ondersoek ingestel en die inligting word verkry, die kerk en grond gaan op 'n tender verkoop word. Die Skriba kry die opdrag om hierdie tender te voltooi na 'n besoek aan die leë gebou.*

*Die tender word voorberei en deur die kerkraad goedgekeur vir 'n bedrag van R 651 051.00,*

*Die dokumente word by die Apostoliese Kerk Hoofkantoor besorg, met die oopmaak van die tenders is daar net een vir Heidelberg kerk. Die opwinding was groot maar die Tenderraad van die Apostoliese Kerk neem drie weke om die tender te aanvaar en goed te keur en Hervormde Kerk Suikerbosrand word aanvaar.*

*Op die stadium het die gemeente ongeveer R 55 000 in die bank en nou*

*word daar naarstiglik gesoek na 'n bank wat die klein gemeente R 600 000 sal leen. Die bedrag van R 51051 word as deposito betaal, Oranje Kas Bank word genader en die verband word goedgekeur.*

*Die gemeente se inwyding vind plaas op 7 Augustus 2016, die gemeente is nou gevestig en baie gemotiveerd, en daar word basaar gehou asook 'n wors en maalvleis projek en die normale offergawes groei, asook die lidmate: na die inwyding groei die gemeente tot 39 lidmate.*

*Die saldo word binne die volgende vier en 'n half jaar afgebring na R 103 000,00, dus in die jaar 2023 sal die kerkgebou klaar betaal wees, maar dan verkry die gemeente 'n anonieme skenking van R 397 855.05 in totaal tydens Desember 2021 en Januarie 2022.*

*Hierdie skenking word gebruik om die verband vroeër af te los en Oranje Kas Bank, skryf ook die kostes vir die vroeë betaling gedeeltelik af.*

*Hierdie verloop van sake het ook ander dramatiese veranderinge in die gemeente aangebring, Ds JAAA Schroeder kondig sy emeritaat aan vanaf 16 Januarie 2022, dit is Desember en skoolvakansie en die meeste lidmate en gemeentes se lede is met vakansie, gelukkig kan die Skriba van die GHK, en die voorsitter van die kuratorium help.*

*Die afskeid preek en -funksie word deur 100 mense bygewoon, lidmate, gesinslede van Ds Schroeder, familie, kuiergaste, lidmate en ook 'n afvaardiging van die GHG, naamlik ds. Johan van Wyk, wat ook namens die Bond 'n kort boodskap gelewer het, ander predikante van die Bond di. Piet Rautenbach, Gawie Wolmarans asook Ds Pierre Britz woon die geselligheid by. So word daar van ds. JAAA Schroeder afskeid geneem met 'n paar trane wat gevloei het en 'n redelike morbiede afskeid, maar die funksie en die kos sorg vir 'n baie gesellige funksie en kuier.*

*Hierdie gebeure noop ons as gemeente om ewig dankbaar te wees aan die Genade en Voorsienigheid van die Here ons God, ons is sekerlik die geseënste gemeente in die GHK.*

*Ons dank die Here vir die voorsiening en die voorspoed aan ons betoon.*

**Drukwerk**

Paul en Ella help graag met:
Kalenders
Kwitansieboeke
Offergawe boeke
Dames Kwitansieboeke
Konsistorie boeke
Reklame plakkate en ander drukwerk
ella@teamworkprinters.com